# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

DEEL 114 | WEEK 43 | 28 OKTOBER 2022 | R5


# Pink trees for Pauline

Pink trees for Pauline vier hul 10de bestaansjaar. Oktober is borskanker-bewusmakingmaand en die gemeenskap van Heilbron het weereens gewys hoe hulle saamstaan om hierdie omgeeprojek te ondersteun. Elke persoon ken moontlik iemand wat die siekte het of het 'n geliefde afgestaan aan kanker. Daarom is dit so mooi om te sien hoe Heilbronners hul harte en beursies oopmaak om die projek te ondersteun. Bome en lamppale is reg deur die dorp in pienk getooi ter ondersteuning van kankerlyers.

















# Uit die pen: Week 43 van 2022

Vanaf die middel van die jaar kan graad 1s en graad 8s aansoek doen om plasing in 'n skool om hulle laerskool- of hoërskoolloopbaan te begin. Ek gaan nie nou uitwei oor die plasingskatastrofes in Gauteng nie, dit sal heeltemal te lank duur. Soos baie ander staatsdepartemente wat maar effe traag is wanneer dit by dienslewering kom.

Op hierdie noot: ek het verlede week ons motorlisensie deur eNatis se aanlynstelsel hernieu. Jy skep 'n rekening, kry aantekenbesonderhede. Hulle weet waffer kar is joune, jy betaal, voer jou afleweringsadres in en Bob is jou splinternuwe uncle. Soos die Duitsers sou sê. Ek het dit Donderdagmiddag gedoen en my lisensie is Maandoggend by die werk afgelewer. Ek was effens stomgeslaan deur hulle effektiwiteit. En heimlik gewens dat alle departemente by hulle kan gaan leer. Dalk die een sukses van oom Fiekie Mbalula.

Terug by die skool. Die nuwe graad 8s kry aan die einde van hulle graad 7-jaar 'n brief van die skool af om hulle uit te nooi na die oriënteringsprogram. En dit is raadsaam dat alle voornemende graad 8s dit bywoon.

Die seepgladde program het my stomgeslaan, asook die graad 12s se hulp in hierdie verband. Weg is die simpel grassiekou tussen twee graad 8s, of waar 'n groentjieseun 'n meisie se been met 'n grasspriet moet meet. Kan jy onthou dat daar dae was waar een van die twee graad 8s 'n hele huisie knoffel moes fyn kou en die twee, met koppe binne-in 'n kussingsloop, moet gaan fliek.

Kan jy die (soms regtig stupid) byname onthou? Een van my skoolvriende word steeds op sy bynaam genoem. Selfs my ouers het hom so genoem. My naam was iets soos Littalotta, wat dit ook al mog beteken.

Die matriekmeisies is mos ge-milady. Ek kan nie onthou wat die matriekseuns genoem was nie. Ek het hulle bloot vermy.

Ons moes die matrieks se tasse skool toe en terug dra, wat vir my heel aanvaarbaar was. Ek het die hoofmeisie s'n skool toe en koshuis toe gedra. Een goeie middag is haar tas nie op die plek waar ek dit altyd kry nie, en ek stap toe maar net met my eie persoonlike tas. Tot groot vreugde van die hoofmeisie.

Sy roep my na haar kamer toe terwyl sy gedrapeer oor die bed, lê en lekkers eet.

"So, waar is my tas?"

"Ek weet nie milady. Dit was nie op die plek waar ek dit altyd kry nie."

"Jy moes gewag het."

"Dan sou ek laat gewees het, milady."

"Gaan haal my tas."

"Sal milady dan vir die meneer aan diens sê dat ek gaan laat wees vir studie?"

"Los! Los my tas! Ek sal dit self gaan haal."

Om een of ander onverklaarbare rede was sy die hoenders in vir my, en dit het 'n einde aan my tasdradae gebring.

Iedergeval: So kom die meeste van die graad 8s twee dae voordat die skool amptelik in Januarie begin, by die skool aan. Met hulle bagasie, skooltas en beddegoed. Ek wonder hoe hierdie speletjie gaan afloop.

Vooraf is die klasonderwysers van die graad 8s ook vriendelik uitgenooi om die twee dae by die skool deur te bring. Daar was natuurlik dieselfde reeksoortreders wat glad nie wou saamspeel nie. Nou ja, dink ek, laat ons dit doen.

Die nuwes is in hulle registerklasse ingedeel, en elke klas het twee matrieks en 'n leerlingraadslid om na hulle om te sien. Maar die onderwyser moet verkieslik ook teenwoordig wees as en wanneer hulle kan.

Leerders uit elke registerklas word dan weer opgedeel in hulle huise (dink Huissport), en van daar af begin die groot pret. Hulle maak baniere met hulle huis se naam op, verf dit soos wat hulle wil. Met een voorwaarde: die klas moet skoon wees agterna.

Hulle speel in die swembad en hou kompetisies teen mekaar. Tussen-in doen elke huis 'n skattejag op die skoolterrein. Jy kan vir jouself indink dat sommiges moontlik oorweldig kon wees om hierdie nuwe skoolterrein te betree. Ek meen: ek het dan so lekker verdwaal!

Die musiekdepartement lewer demonstrasies en uitvoerings om die leerders lus te maak om enige musiekinstrument te bespeel. Die kore sing: dalk wil hulle gaan vir 'n oudisie? Die verskillende orkeste wys hulle vernuf. Die kapteins van die verskeidenheid sportspanne kom gesels met die leerders.

Die aand gaan almal by die koshuise, ook op die terrein geleë, stort en elke klas kry 'n paar matrasse. Die leerders gaan aan met ander aktiwiteite totdat hulle droomland toe gaan.

Die onderwysers eet eers heerlik saam. Dalk was daar wyn betrokke, ek kan nie onthou nie. En raai wat? Elkeen van ons het ook 'n matrassie in die personeelkamer. Dis vir my vreemd om weer in 'n groot lokaal saam met ander mense te slaap. Soveelso dat ek regtig nie rus vir my siel kry nie.

Daardie nag ervaar ons die swaarste weer denkbaar: die weerlig speel heen en weer en af en toe skrik jy jouself disnis vir die donder.

Die volgende oggend kry ons 'n heerlike ontbyt en almal verkas swembad toe. Dis huiskompetisietyd!

Die leerders neem in hulle huise deel, en dit gaan nie oor wie die vinnigste kan swem nie. Wel, nog nie.

Die eerste resies is 'n aflos: 'n leerder moet aan die een kant begin met haar teddiebeer en probeer om dit nie nat te kry nie. Die teddiebeer moet aan die ander kant aan haar aflosmaat oorhandig word en teruggebring word. Die span met die droogste teddiebeer wen.

Met 'n ander resies moet die swemmers met 'n T-hemp swem tot aan die ander kant, dan die nat T-hemp uittrek, die ander spanmaat dit laat aantrek, en die ander spanmaat moet dan weer terugswem.

As afsluiting word daar 'n propperse gala gehou.

Alles onder luide toejuiging van die huismaats, onder die wakende oog van die personeel en drie lewensredders wat gereed staan.

Werklik 'n ander manier om graad 8s by die skool welkom te heet. Sonder knoffelhuisies en grassiekou.

En hulle dra nie die hoofmeisie se tas nie.

# MISLUKTE PROJEK: MIN ANTWOORDE IN VERSLAG

'n Tegniese verslag oor die mislukte en onvoltooide voetgangerbrug tussen Sandersville en Seksie 5 in Heilbron was "ontwykend en onvolledig". Só het opposielede verlede Vrydag gesê toe die verslag in die Ngwathe-raad se staande komitee oor Infrastruktuur gedien het. Die verslag is opgestel en toegelig deur die raadgewende ingenieur oor die multimiljoenrand projek. Werk aan die mislukte projek het reeds in Februarie begin, en moes verlede maand voltooi word (Herald, 30 September en 14 Oktober).

"Maar net een kwart is voltooi, en die perseel lê lank reeds verlate, sonder enige werkers of toerusting," sê DA-raadslid Robert Ferendale van Heilbron. Konstruksie is opgeskort ondanks 'n bykomende R7,6 miljoen wat Ngwathe se nuwe raad verlede Desember goedgekeur het. Die ekstra geld was vir 'n geplaveide toegangspad na die beoogde brug.

Volgens die verslag het konstruksie laat begin as gevolg van swak voorbereidende beplanning. Dis verder gestrem deur arbeidsprobleme by subkontrakteurs en onverwagte swaar reën en vol strome op en digby die perseel. Tog is miljoene rande in vorderingsbetalings gereeld oorbetaal, blykbaar onreëlmatig omdat waarde vir geld nie verkry is nie. Die kontrakteur "ondervind tans kontantvloeiprobleme" en het die konstruksieperseel verlaat. Talle vrae aan die ingenieur, deur VF+-raadslid Phillip van der Merwe asook DA-raadslid Saal de Jager, is onbeantwoord gelaat omdat beurtkrag die aanbieding kortgeknip het.

"Dis heeltemaal onbevredigend," sê Rdl Robert Ferendale gister aan Herald. "Munisipale geld is op groot skaal wanbestee." Hy sê inwoners moet voortsukkel sonder nuwe geriewe waarvoor geld "eenvoudig uitgemors is." Hy meen Heilbron-mense wil weet wat met die geld gebeur het, en waarom hul brug en toegangspad nog net " 'n gebroke droom" bly. DA-raadslid Saal de Jager, 'n sakeman van Parys, sê daar moet ook vasgestel word of van die vermorste geld teruggekry kan word.

Raadslede maak nou staat op antwoorde vanaf MPAC. Dis Ngwathe se staande raadskomitee oor openbare rekeninge wat onder meer munisipale onreëlmatighede, of selfs net die vermoede daarvan, ondersoek. Die komitee het wye magte van ondersoek, en kan selfs trae getuies dagvaar om te verskyn en vrae te beantwoord.

DA-raadslid Arnold Schoonwinkel, 'n lid van MPAC, het versoek dat die komitee alle omstandighede rondom die sluiting en uitvoering van die kontrak onder die vergrootglas plaas.

# 47 JAAR REÜNIE VIR 1975 MATRIEKS

## *Hoërskool Wilgerivier*



*Op die foto voor vl: Suzette Venter, Truda McDougall, Daleen de Villiers, Ria Vosloo, Flippie Duminey, Tiana van Niekerk. Agter vl: Jackie Naudé, Hentie Cockroft, Johan van Rensburg en Kobus Muller.*

Wat die 45 jaar reünie moes wees in 2020, moes toe noodgedwonge skuif na 2022 as gevolg van die Covid pandemie.

Die klasmaats is op 'n begeleide toer deur die skoolterrein geneem en was verstom oor die pragtige tuine en die netjiese geboue. Die skool se interessante geskiedenis van 140 jaar is in 'n spesiale kamer met groot moeite in fotorame vasgevang.

Die kuier is voortgesit by die trofeekamer op die sportterrein waar daar heerlik geëet, gekuier en gelag is. Soveel mooi herinneringe is gedeel en almal was dit eens dat dit 'n baie spesiale groep was en stof skop in ander klasse se oë wat nie so gereeld saamkuier nie. Wat 'n voorreg om weer te kon besef en waardeer watter groot rol hulle in mekaar se lewens gespeel het. Die groep sien uit na hul 50ste reünie oor net 3 jaar.

POSTNET 2 POSTNET
heilbron@postnet.co.za
064 988 6078 058 853 0006
OVER 400 STORES IN SA
0-5kg R99
POSTNET HEILBRON

# LIGTE, MUSIEK...DANS!





*Step by Step Dance Studio het Vrydag die toeskouers se monde behoorlik laat oophang met hul jaarlikse danskonsert. Hierdie was die eerste jaar sedert Covid wat die dansers op die planke kon verskyn. Tanya Claassen, eienaar van die dansskool was vasbeslote om 'n konsert aan te bied waar elke kind sy talent kon wys. Toeskouers het gesnak na hul asem toe Tanya háár plek op die verhoog ingeneem het en ingewikkelde danspassies uitgevoer het. Elke danser het hul harte uitgedans. Dit was duidelik sigbaar dat geen tierlantyntjies op die verhoog nodig was nie. Die kinders se opgewondenheid, helder gesiggies en prettige danspassies het verseker dat alle aandag op hulle gevestig was. Elke ouer kon met trots sê "daardie is my kind!".*

# NUWE DAGSORG OPEN SY DEURE



Bronnies Dagsorg het onlangs hul deure geopen vir besige voetjies en stralende gesiggies. Die drome van 'n nuwe dagsorg in Heilbron het vlerke gekry nadat Annemarie Hayward besluit het om haar passie vir kinders uit te leef. "Uiteraard is ek onsettend lief vir kinders en wil graag sorg dat elke klein individu hulle volle potensiaal bereik", vertel Annemarie. Die dagsorg is volledig toegerus met opvoedkundige speelgoed, ouderdomstoepaslike apparate, 'n opwindende speelarea en is veilig omhein. Selfs 'n ouer sal sukkel om te ontsnap! Die dagsorg verwelkom alle kinders vanaf die ouderdom van drie maande tot en met vyf jaar en bied ook middagsorg vir kinders vanaf graad R tot en met graad drie. Volgens Annemarie is elke kind se aktiwiteit toepaslik beplan volgens ouderdom. Lezandi van Zyl, 'n kinderkinetikus, asook Suzilda Muller, 'n arbeidsterapeut, gaan die dagsorg besoek om te verseker dat elke kind sy volle potensiaal bereik. Die laaste drie weke was ouers welkom om die opset van die nuwe skool te ondersoek en met groot tevredenheid is daar baie belangstelling getoon. Annemarie voeg by dat die wêreld daar buite rof is maar Bronnies sal sorg dat die kindertjies gereed is vir enige iets. Die dagsorg se deure open amptelik die 1ste November.





**Koop jou pienk lap ter ondersteuning van BORSKANKER-MAAND**

**Kontak Louise Snyman Tel: 082 510 1939**

















# HOËRSKOOL HEILBRON PRYSUITDELING
















***Top 5 presteerders Graad 5:*** *Riëtte Steyn 93,17%, Elzeri Combrink 92,33%, Elsene vd Merwe 92,00%, Lisa Rheeder 91,00%, Chrizette Greeff 85,00%.*



***Top 5 presteerders Graad 10:*** *Motsilisi Semela 87,57%, Michaela Grobler 85,71%, Madaleen de Beer 81,00%, Mia Botha 73,86%, Joanike Els 72,14%*






***Top 5 presteerders Graad 12:*** *Mbali Malindi 85,14%, Jane J v Rensburg 79,29%, Anica Grobler 77,71%, Alden Peach 72,29%.*



***Top 5 presteerders Graad 4:*** *Elne du Plooy 97,00%, Elizma Meiring 87,83%, Marlien Baan 86,17%, Caitlin Rietchard 85,83%, NJ Mocke 84,50%.*



***Top 5 presteerders Graad 9:*** *Johanri Pretorius 91,22%, Kayla Bosman 87,44%, Carli Rochat 87,00%, André Viviers 86,56%, Mieke van Wyk 85,67%, Heicke Weideman 72,33%.*

**TELWIEDRE VOERE**

**WERKSGELEENTHEID**
**KOSTEREKENMEESTER (VOORRAAD)**

**Binne Telwiedré Voere is daar 'n vakature vir bogenoemde uitdagende pos.**

**Suksesvolle kandidate moet oor die volgende eienskappe beskik:-**

* Omvattende kennis van kosterekeningkundige beginsels en konsepte en goeie begrip van die "vervaardiging" van finansiële konsepte
* Betroubaar, stiptelik en lojaal
* Onder druk kan werk
* Nougeset, deeglik, verantwoordelik en akkuraat

**Vereistes & Kwalifikasies:-**
B.Com.Rek.-graad; 3 – 5 jaar ondervinding; Pastel & Excel Ondervinding

**Verantwoordelikhede:-**
(1) Berekening en evaluering van voorraadafwykings
(2) Voorraadkostekoördinering
(3) Daaglikse verslagdoening aan aankoopsafdeling.
(4) Stiptelike verslagdoening aan bestuur
(5) Voorraadtellings & Toetstellings

**Sluitingsdatum:-** 04 November 2022

**Belangstellendes:-**
E-pos u skriftelike CV/aansoek na admin@telwiedre.co.za
by Telwiedrè Voere

AFMA



***Top 5 presteerders Graad 7:*** *Aljane Zitzke 87,89%, Noeline Gavin 86,56%, Chanelle Els 84,00%, Danelri Mocke 82,54%, Danie Bornman 81,44%.*



***Top 5 presteerders Graad 6:*** *Gerrit du Plooy 94,83&, Ernest Scheepers 89,33%, Lee-Anne Viviers 89,17%, Jeanette Victor 89,00%, Amoré Rochat 85,00%.*



***Top 5 presteerders Graad 8:*** *Franco Roos 85,11%, Sumari Steyn 82,78%, Cariska Jv Rensburg 81,56%, Dihan J v Rensburg 78,56%.*



***Top 5 presteerders Graad 11:*** *Robinho van Schalkwyk 87,71%, Wessel Steyn 84,71%, Stean Lategan 84,57%, Beanke Nagel 76,43%, Nelius Meiring 76,00%.*

SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R75
POSTNET HEILBRON
heilbron@postnet.co.za 058 853 0006 064 988 6078

# KENNISGEWINGS

## KENNISGEWING AAN DEBITEURE & KREDITEURE

In die boedel van wyle **ESTELLE STADLER, Identiteitsnommer 321206 0026 083** wat Weduwee was en woonagtig was te Reitz, provinsie Vrystaat, wie oorlede is op 29 Maart 2022,
**BOEDELNOMMER 009035/2022**
Krediteure in genoemde boedel word hiermee aangesê om binne 'n tydperk van 30 (dertig) dae hul eise teen die boedel in te stel en debiteure word versoek om hul skulde binne genoemde tyd te betaal.
**JG POTGIETER & VENNOTE INGELYF**
**BREËSTRAAT 33**
**POSBUS 199**
**HEILBRON, 9650**
**GEREGISTREERDE OUDITEUR**

## GEREGTELIKE VERKOPING

In die Landdroshof vir die distrik Heilbron, gehou te Fezile Dabi.
**SAAKNOMMER: 15/2022**
**TUSSEN:**
**SE GROENEWALD**
*Eiser*
en
**D VAN VUUREN**
*Verweerder*
Ingevolge 'n Vonnis gelewer op 26 Mei 2022, in die Heilbron Landdroshof en 'n Lasbrief vir Eksekusie daarna uitgereik, word die goedere beskryf in eksekusie verkoop te LANDDROSKANTOOR, ELSSTRAAT, HEILBRON op die **14DE DAG VAN NOVEMBER 2022** om **13:15**, aan die hoogste bieër:
**GOEDERE**
**1 X ISUZU LAW - REGISTRASIENOMMER HMT 376 FS**
1. Reëls van hierdie verkoping is beskikbaar 24 uur voorafgaande die verkoping te die Landdroskantoor, Elsstraat, Heilbron.
2. Registrasie as koper is 'n vereiste onderworpe aan bepaalde voorwaardes o.a.
2.1 Voorskrifte van die Verbruikersbeskermingswet 68 van 2008 (URL.http:www.info.gov.za/view/DownloadFileAction?ID=99961)
2.2 Fica-wetgewing m.b.t identiteit en adres besonderhede
2.3 Betaling van registrasiegelde
2.4 Registrasievoorwaardes Verkoping sal geskied deur die kantoor van die Balju Heilbron met afslaer Wynand Mienie.
3. Advertensiegelde teen heersende publikasietariewe en verkopingskoste volgens hofreëls, geld.
Gedateer te Heilbron op die 24ste dag van Oktober 2022.
**(GET) JH JANSEN**
**EISER SE PROKUREUR**
**JANSEN PROKUREURS**
**PIERCESTRAAT 58, HEILBRON**
**TEL NO. 058 852 2816**
**FAKS NO. 0866650816**
**E-POS: jhjansen@jansenprokureurs.co.za**
**VERW: GRO8/0001/JHJ/cm**

**Die Heilbron Herald se fabriek sluit die 15de Desember 2022 en heropen DV 9 Januarie 2023.**

*Bring asb alle bestellings vir drukwerk, meubels, skryfbehoeftes, ko-operatiewe klere, groot formaat drukwerk so gou moontlik, om teleurstelling te voorkom.*

**Die winkel sluit die 20ste Desember 2022 en heropen DV 5 Januarie 2023.**

Herald Office National

WINKELURE
**MAANDAE - DONDERDAE:**
07:30 -17:00
**VRYDAE:**
07:30 - 16:30
**SATERDAE**:
08:30 - 13:00
Herald Office National
**Elsstraat 44**
**Heilbron**
**058 852 3033**

**Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak**
HENDIE LÖTTER
by
Tel: 058 852 3033
heraldnuus@heilbron.co.za





BAAL / SNY & BAAL ...
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron
R

Hoërskool Heilbron

**ONDERWYSPOS**

**BEHEERLIGGAAM AANSTELLING**

**Ingenieursgrafika en Ontwerp**
**Aanvangsdatum: 1 Januarie 2023**

Rig volledige aansoek aan:
dk@hsheilbron.co.za

**Navrae:** Mnr David Knight
Tel: 058 852 3007
E-Pos: dk@hsheilbron.co.za

**Sluitingsdatum:**
**11 November 2022**







**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

VLEISSENTRAAL

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of**
**Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R







POSTNET HEILBRON

**CRIMINAL RECORD CHECKS NOW AVAILABLE AT POSTNET HEILBRON**

- **STANDARD - 24 TO 48 HOURS – R210.00**
- **PREMIUM - 5 HOURS – R255.00**
- **PRIORITY - 2 HOURS – R395.00**

Please enquire in store for more information.
All pricing includes VAT. Terms and Conditions Apply.

POSTNET Digital
42 Els Street, (next to Heilbron Herald), Heilbron 9650
Tel: 058 853 0006
Email: heilbron@postnet.co.za • Website: https://heilbron.postnet.co.za


# SMALLS

## EIENDOMME

**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**
**Vir die beste transaksies en diens**
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

WINKELURE
**MAANDAE - DONDERDAE:** 07:30 -17:00
**VRYDAE:** 07:30 - 16:30
**SATERDAE**: 08:30 - 13:00
**Elsstraat 44 • Heilbron • Tel: 058 852 3033**

## TE HUUR

*HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS*
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***

**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

## GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Silma** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**
***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

HERALD Sport

# LEEUPOORT SKIETBAAN WORD OPGEKNAP



*Die afgelope paar weke is daar gespook by die Leeupoort Skietbaan. 'n Gedeelte van die omheining, wat beskadig was, is oorgespan en 'n duisend van die afdakke se latte is van 'n nuwe laag vernis voorsien. Faans Pretorius, in samewerking met Telwiedre Voere, het vir die klub 'n nuwe windkous geborg. Hieroor is die klub uiteraard baie dankbaar.*

# WELKOME REËN JAAG SPELERS KLUBHUIS TOE

Donderdagaand het al die besigheidsligaspelers weer by die rolbalklub opgedaag, gereed vir die aand se aksie. Met goedige dreigemente aan die opponente en taktiek wat agter bakhande bespreek word, het spel in alle erns begin.

Die vroegaand lug was gevul met reënwolke vol beloftes en voordat spel regtig op dreef kon kom, het die sluise oopgemaak en moes spelers inderhaas hardloop om in die klubhuis te kom. Alhoewel spel afgelas moes word, het almal met dankbaarheid die stortreën buite dopgehou.

Met die aand wat van buite na binne verskuif het, is daar lekker gesels en gekuier en weereens het die dames, met die braaiers se ondersteuning, liplekker hamburgers bedien.

Komende naweek, Saterdag en Sondag, word Valsrivier driespelkompetisie hier by Heilbron Rolbalklub aangebied. ’n Totaal van 17 spanne sal teen mekaar kragte meet, 10 mansspanne en 7 damesspanne.

Heilbron is goed verteenwoordig met 2 damesspanne onder leiding van Tracy Jacobs en Hannalie Claassen.

Aan die mans kant is Heilbron ook sterk verteenwoordig met 4 spanne onder leiding van Rudie Jacobs, Koos Bierman, JC Pretorius en Brandt van Rensburg.

Die baan is in ’n goeie toestand en daar word uitgesien na ’n aangename rolbalnaweek.

Belangstellendes word uitgenooi om te kom kuier en die spelers te ondersteun.



# RSA GAAN GROOT MET GHOLFDAG



*Gerrie Muller (2de van links) voorsitter van AfriForum Heilbron tak saam met die wenners van die dag Simon Malgas en Zacharia Mholo en Jackie Leonard (Vise-president).*

Die onderneming RSA Grain Storage Solutions wat bekend vir hulle innoverende graanopberging produkte hou vanjaar weer hulle jaarlikse gholfdag op 5 November op Heilbron. Dit dag is verseker nie een om te mis nie. Daar gaan baie pryse op die spel wees, saam met 'n heerlike spitbraai en vermaak na spel.

Die AfriForum-tak in Heilbron het op 22 Oktober 'n gholfdag aangebied om die gemeenskap aan dié burgerregteorganisasie bekend te stel en ook om lede te werf. Altesaam 45 spelers het aan die gholfdag deelgeneem. Die wins wat op die dag gemaak is, sal aangewend word by die plaaslike kinderhuis en die tehuis vir bejaardes.

Intussen is 'n spitbraai voorberei vir die aand se afsluiting. Die prysuitdeling is deur Gerrie Muller, die president van die gholfklub en voorsitter van die Heilbron-tak, waargeneem. Simon Malgas en Zacharia Mholo is as die wenners van die gholfdag aangewys. Elke speler het egter 'n prys ontvang waarvoor die AfriForum-tak die borge hartlik bedank.

“Ten spyte van die reën, was ons eerste gholfdag 'n reusesukses. Dankie vir elkeen se bydrae tot hierdie inisiatief, veral die borge,” sê Muller.

Volgens Alta Pretorius, AfriForum se distrikskoördineerder vir die Mooirivier, was dit heerlik om die dag by te woon. Daar is inligting oor AfriForum aan die spelers gegee en daar het ook nuwe lede aangesluit. “Ek glo dat hierdie 'n jaarlikse instelling sal word,” sluit Pretorius af.

Die bestuur het die ingang geskuif en word spelers gevra om die voorkant van die buiteklub te gebruik soos die gebou aanvanklik beplan was voor.

Môre is gewone spel en inskrywings is vanaf 11:00 vir afslaan 11:30.













